Wenk

'n Kind wat haar biologiese ouers wil soek, moet 18 wees. Gebruik professionele berading ter voorbereiding.

Foto ter illustrasie

haar baba ses weke lank geborsvoed. Toe is haar kind uit haar arms geneem. Dit was vir haar erger as die dood.

Maar 43 jaar later kon Yvonne haar dogter, Friedel Smith van Dewetsdorp naby Bloemfontein, omhels. Yvonne sê sy kan nie vir die Here ophou dankie sê nie. Dis ook wonderlik om te weet haar kind het 'n goeie kinderlewe gehad en is nie kwaad vir haar nie.

Friedel se aanneemouers is albei oorlede. Sy het lank haar biologiese ma gesoek, en vandag, ná vyf jaar, is ma en dogter baie geheg aan mekaar en het hulle 'n fantastiese verhouding. Friedel sê sy weet nou uiteindelik waar sy vandaan kom en waarheen sy op pad is.

Dis sulke verhale wat my werk oor en oor die moeite werd maak.

Vir 'n biologiese ma is die herenigingsproses moeilik. Vooraf twyfel sy dikwels: Sal my kind my oor die verlede verwyt? Sal ek goed genoeg wees vir haar? Dis waarom gespesialiseerde berading deur byvoorbeeld 'n maatskaplike werker vooraf vir almal so belangrik is.

Ook vir die aanneemouers is hereniging moeilik. Baie emosie is betrokke. Hierdie kind is vir hulle 'n groot geskenk van God en hulle het haar met baie liefde as hul eie grootgemaak. Dit was hierdie ma wat haar seer weggesoen het, wat snags by haar siek kind wakker gesit het.

Net voor 'n ma en kind mekaar ná jare weer sien, is albei gewoonlik ongelooflik opgewonde, maar ook bang en onseker. Die kind vra baie vrae, soos: Wat noem ek my ma? Moet ek vir haar foto's wys?

Ek beplan die ontmoeting haarfyn. Dan stel ek voor dat ma en kind mekaar eers vir 'n rukkie alleen sien. Daarna kan die ma of kind die groot oomblik met die res van die gesin deel.

Voor ek hierdie werk begin doen het, het ek mense met uitstaande rekeninge vir 'n groot maatskappy help opspoor. Dit was glad nie >

mystorie.indd 3 2010/10/07 3:05 PM